# SENDING EN EVANGELISASIE — 'N ANDER WEG?

*Dr. J. v. V. du Plessis*

In die kerklike praktyk het twee begrippe geykte vorme aangeneem, t.w. sending en evangelisasie.

Sending is deur J. du Plessis soos volg beskrywe: „die Kristelike sending is die evangeliserende arbeid deur kristelike manne en vroue bestee aan die nie-kristelike volkere en stamme, om onder hulle 'n kristelike kerk te stig, wat sigself onderhou, bestier en uitbrei". (Aangehaal H. D. A. du Toit. Die kerstening van die bantoe. p. 9). Hierdie definisie het besliste mankemente, aangesien die kerk in sy apostolaat nie voorop staan nie, maar die gedagte van individuele- en groepsending. Aan die ander kant dra dit egter die visie van eiesoortige kerkstigting.

J. H. Bavinck beskrywe sending as „dat handelen der kerk — dat in wezen niet anders is dan het grote handelen van Christus zelf, dat Hij verricht door zijn kerk heen — waardoor zij in deze periode van de verschuiving van de voleinding, de volkeren oproept tot bekering en tot geloof in Christus, opdat zij gemaakt worden tot discipelen van Hem en door de doop worden ingelijft in de gemeenschap dergenen, die de komst van het Koninkrijk verwachten" (J. H. Bavinck. Inleiding in de Zendingwetenschap. p. 70).

In hierdie selfde sin benader H. D. A. du Toit sending as „die handeling van die drie-enige God tussen hemelvaart en wederkoms om deur die kerk en die getuienis van die gelowiges die evangelie te verkondig aan die heidene en dié wat glo, in te lyf in die Christelike gemeenskap met die verwagting dat hierdie kerk weer opnuut voortgeplant sal word" (H. D. A. du Toit. a.w. p. 10).

Uit hierdie definisies is dit duidelik dat Christus Sy kerk opdrag gee om die Evangelie wêreldwyd te verkondig en gevolglik nie te stagneer nie. God is besig om op Christus as fondament Sy kerk te bou (Matt. 16 : 16—18) en die kerk staan weer in Sy diens, in diens van Gods Koninkryk, met die apostolaat aan hom toevertrou (Matt. 29 : 19).

Die uitgangspunt van hierdie besondere werksaamhede is die *ευαγγελιον*, die blye boodskap van verlossing, die bediening van die versoening (*μαι δοντος ημιν την διαμονιαν της αταλλαγης*, 2 Kor. 5 : 18). Die wegspringplek van die sendingwerksaamhede bly derhalwe die bediening van die versoening.

Dit is werd om in perspektief die opmerking te maak dat bogenoemde stelling tog ook die uitgangspunt van die kerklike pastoraat in die plaaslike gemeente is. Al is die gemeente as lidmate in Christus geheilig, moet versoeningswoord nog gedurig deur die gemeente ruis (Ps. 65 : 4). Hierdie geluid laat Paulus duidelik in 2 Kor. 5 : 18—20 hoor, want uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge (Rom. 11 : 36).

Dit kan verder nie weggeredeneer word dat die bediening van die versoening ook die hoofelement van evangelisasiewerksaamhede is nie. Evangelisasie beskrywe J. H. Bavinck as „de arbeid die

geschiedt onder de afgedwaalde bondelingen, om hen terug te brengen tot de Here Christus en Zijn kerk" (J. H. Bavinck. a.w. p. 82). Martin Monsma sien evangelisasie as „the activity which brings the good message, the evangel, the Gospel, to those who do not know it or do not believe it, in the hope of bringing them to a saving faith in Christ our Saviour" (Martin Monsma *in* Reformed Evangelism. p. 13). Dan gaan Monsma voort. „Evangelism, we may say, concerns the subject of evangelization in a somewhat abstract and general way" (a.w. p. 13).

H. D. A. du Toit (a.w. p. 13) kan nie wetenskaplik tot 'n heldere skeiding tussen die twee begrippe kom nie. Hy noem hulle tweelingsusters wat op mekaar lyk maar nie identies is nie. Die onderskeiding was daar nie van die begin van die Christelike kerk af nie, maar sou eers later intree as werksaamheid enersyds met die „nog nie" en andersyds met die „nie meer nie". Prakties het evangelisasie dan te doen met diegene wat hulle vergryp het aan dwaalleer en so tuisgemaak het by die seperstistiese groepe, dié wat voorheen die gesonde leer van die waarheid gedrink het en daarvan vervreemd geraak het. Andersyds diegene wat eiewillig die band met die liggaam van Christus verbreek het deur hulleself moedswillig daarvan af te sny óf deur kerklike tug gemeenskap met die kerk ontneem is.

Deur al hierdie gegewe feite te interpreteer, is die noodwendige konklusie dat die uitgangspunt van die kerklike pastoraat en die sending en die evangelisasie die εναγγελιζειν is en dat die onderskeiding daartussen deur die objek en nie die wese bepaal is nie. Daarom dat ook 'n ongelukkige woordkeuse, evangelisasie, vir een van die bepaalde aksies uitgesoek is. Dit wek vrae op: is evangelisasie die enigste εναγγελιζειν wat gedoen word?; is die onderskeiding wel Skriftuurlik genoeg of is dit vanuit 'n Gereformeerde skolastiek gemaak?; is so 'n onderskeiding wel noodsaaklik?; moet daar aparte leerstoele wees vir elenktiek, evangelisasie en pastoraat as al drie wel εναγγελιζειν is?; moet die onderskeiding na kerkrade deurgetrek word om aparte kommissies vir sending en evangelisasie te vorm? Laasgenoemde werk juis in die kerklike praktyk skeiding in plaas van onderskeiding in die hand, in so 'n mate dat sending beskou word as kerklike arbeid onder anderskleuriges, terwyl evangelisasie onder blankes die nadruk kry. En tog is dit 'n feit dat die Geref. Kerk onder anderskleuriges hoofsaaklik gevorm word uit bekeerdes vanuit die seperatistiese groepe, dus evangelisasie. Sending word nog in sy ware kleure gedoen in die afgeleë tuislande asook in die myne onder pendulumwerkers vanuit die tuislande. In Europa is die situasie al so dat geslagte blankes na vore getree het wat verheidens het en derhalwe objekte van sending geword het (vgl. D. Bosch. Heil in die wêreld. p. 15).

'n Hernude poging sal in die toekoms aangewend moet word om die onderskeiding sending/evangelisasie vanuit die Skrif te bestudeer. J. J. Kritzinger (Sending en Evangelisasie. *In* Die Sendingblad. Febr. 1981. p. 45) voel tereg aan dat hierdie onderskeiding vanuit die tradisie geografies en teologies nie meer opgaan nie. Sy beswaar is dat uitgegaan is van die objek en nie van die aard van

die arbeid nie (a.w. p. 46). Kritzinger maak dan vanuit die aard van die arbeid sy onderskeiding soos volg: „sending is die omvattende term vir alles wat die kerk in gehoorsaamheid, aan God doen vir die verlossing van die wêreld. Sending is 'n wye betrokkenheid (Joh. 20 : 21; Luk. 4 : 18)" (a.w. p. 46). Evangelisasie, daarenteen, is 'n enge betrokkenheid, „is die verkondiging — met woord en lewe — van die goeie boodskap van verlossing aan almal wat buite Christus is (Rom. 10 : 14–15)" (a.w. p. 47).

Kritzinger kon m.i. nog nie daarin slaag om in sy onderskeiding van die objek as uitgangspunt weg te kom, soos sy bedoeling was nie. Eintlik onderskryf hy die mening van Bosch (D. Bosch. a.w. p. 17).

H. Maartens verskil dan ook met die uitgesproke posisiestelling van Kritzinger (H. Maartens. Evangelisasie i.p.v. sending? Die Kerkbode. 15 Julie 1981. p. 4). Maartens is van mening dat die Skrif geen onderskeid maak ten opsigte van die kerk se aksie na buite of na binne nie. Maartens soek 'n weg vanuit die Evangelie na die objek en kom dan tot die konklusie: „gevolglik dink ek moet dit oorweeg word om die woord, sending, uit ons kerklike woordeskat te haal en die kerk se totale aksie as evangelisasie te sien" (a.w. p. 4).

Maartens het 'n stewige gedagte beet. 'n Nuwe besinning oor die tradisionele sending en evangelisasie het noodsaaklik geword. 'n Goeie studie sal gemaak moet word van die begrip ευαγγελιζειν en dit as vertrekpunt neem en dan wel bepaal of daar vanuit Christus en die apostels se benadering so 'n onderskeiding te beurt val. 'n Punt kan nie agter Maartens se opinie geplaas word nie. Daarna sal die volgende vrae gevra moet word: waar die objek in die onderskeiding bepalend was, hoedanig moet dit met ευαγγελιζειν as vertrekpunt 'n rol speel? Op die keper beskou wil ek saamstem met Bosch (a.w. p. 19) dat ευαγγελιζειν — die goeie boodskap — gestel word teenoor die slegte boodskap asook die dwaalleer en dít in wese slegs al onderskeiding kan wees. Daarom dat H. D. A. du Toit (a.w. p. 13) dan ook waarsku dat sending en evangelisasie geen waterskeiding inhou nie en versigtig daarmee omgegaan moet word. Aan die ander kant is dit tog waar dat die betrokkenheid van die persoon in sy besondere situasie ook 'n rol in die pastorale benadering speel.

Ek wil dan konkludeer dat die ou terminologie van sending en evangelisasie aan 'n nuwe ondersoek onderwerp moet word met as vertrekpunt die evangelisering en nie die objek nie, veral waar die woord, evangelisasie, nie bevredig nie.